DEEL 115 | WEEK 25 | 23 JUNIE | 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Geteister deur metro-polisie



**"Ek weet nie hoe sal ek ooit weer Johannesburg toe kan ry nie. Elke keer as ek ry en 'n verkeersbeampte of polisiekar sien, voel ek hoe sit my hart in my keel."**

Dit is die woorde van Jo-Anne Naudè, wat op Saterdag 10 Junie saam met haar man deur die Metro-polisie in Pretoria afgetrek is en vir ure lank deur polisiebeamptes geterroriseer is. Wat aanvanklik 'n aangename dag in die stad moes wees, het verander in 'n traumatiese gebeurtenis.

Jo-Anne en haar man, SP Naudè, het daardie dag besluit om rugby op Loftus Versveld te gaan kyk. Hulle het vinnig by hul gastehuis gestop om hulle bagasie af te laai. Die egpaar het daarna vertrek en 'n aangename tyd saam met hul vriende by Loftus gehad. Na die wedstryd het hulle gaan eet, en om 22:00 het die egpaar teruggekeer na die gastehuis. Vanweë beurtkrag was hulle onseker oor die ingang na die gastehuis en het onbedoeld oor 'n dooie verkeerslig gery. Dit het die aandag van die polisie getrek. Die polisiebeamptes wat hulle gestop het, het aggressief opgetree en gevra hoe dit moontlik was om die verkeerslig te ignoreer en nie as 'n vierrigtingstop te hanteer nie. Jo-Anne het geantwoord dat hulle nie geweet het waar hulle was nie. Die beamptes het SP se bestuurslisensie gevra en hom gevra of hy 'n vuurwapen besit. SP het kalm bevestigend geantwoord.

Die metro-beamptes het ook gevra vir die lisensie van die vuurwapen. Hulle het aan die deur geruk terwyl hulle SP beveel het om uit die voertuig te klim. Sy vuurwapen is deur die polisie gekonfiskeer. Terwyl dit gebeur het, het 'n ander beampte in die voertuig geklim en met Jo-Anne binne-in weggery. Jo-Anne was bang en verward en wou weet waar haar man is en waarheen hulle gaan. Die beampte het net geantwoord dat alles in orde sal wees. SP is vir 'n kort tydperk in die polisiewa gehou voordat hulle hom voor laat sit het omdat hy nie aggressief opgetree het nie. Hulle het hom gevra om R26 000 te betaal voordat hulle hom sou laat gaan. Kort daarna het hulle by die beampte wat met Jo-Anne weggery het, aangesluit en hom met blou ligte gewys om te stop. Hulle het geëis dat Jo-Anne, SP se beursie en selfoon aan hulle oorhandig en hom beveel om sy limiet aan te pas om die gevraagde bedrag te onttrek.

Jo-Anne het 'n hewige epileptiese-aanval gekry, waarna die beampte paniekerig geraak het en aan SP gevra het of hy sy vrou kan help. SP het probeer, maar Jo-Anne is om 23:20 na die hospitaal geneem. Die polisie het by die hospitaal gewag en hom aangesê dat hy terug moet kom om sy vuurwapen te kry. Nadat SP gesien het dat sy vrou in goeie hande is, het hy na hulle toe gegaan soos versoek. Hy moes saam met hulle ry om dit terug te kry. Hulle het hom na 'n kitsbank geneem en hom beveel om geld te trek. Die masjien was buite werking, en hulle het hom na 'n ander plek geneem waar SP R8 000 kon trek. SP het ook R1 800 kontant gegee wat hy by hom gehad het. Hy is na wat vermoedelik 'n bushalte is, geneem waar 'n persoon die pistool kamstig aan die polisie oorhandig het. Hulle het dit aan SP teruggegee en hom eers na verdere teistering eers 02:30 weer na die hospitaal geneem.

Hierdie hele ervaring was vir Jo-Anne en SP baie onstellend. Dit het hulle erg getraumatiseer, en hulle glo nie dat hulle ooit weer sonder vrees deur Johannesburg kan ry nie. Hierdie voorval werp 'n skynwerper op die gedrag van sekere polisiebeamptes en die Metro-polisie wat aggressief, intimiderend en korrup opgetree het. Hierdie optrede is onaanvaarbaar en strook nie met die rol van wetstoepassers om die gemeenskap te beskerm en te dien nie. Dit is belangrik dat hierdie voorval ondersoek word en dissiplinêre stappe geneem word teen die betrokke beamptes. Die voorval is die volgende dag by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld, en Grandi Theunissen van die VF+ het by die slagoffers aangesluit om hulle by te staan met hul verklaring.

Die gemeenskap moet verstaan wat hul regte is en weet hoe om op te tree in gevalle van polisie-intimidiasie of wangedrag. Dit is belangrik om te weet dat jy die reg het om die identifikasie van die beamptes te vra en om beskuldigings of klagtes teen hulle in te dien indien nodig. Ons moet almal saamwerk om 'n omgewing te skep waarin ons met veiligheid en respek behandel word deur diegene wat geroep is om ons te beskerm. Ons hoop dat Jo-Anne en SP regverdigheid sal kry. Niemand behoort deur so 'n traumatiese ervaring te gaan nie. In 'n samelewing waarin ons juis versigtig moet wees en onsself beveilig, wil ons nie deur diegene wat ons moet beskerm, geteister word nie.









# Ngwathe Amnestie: Regstelling

In verlede week se Herald is verkeerdelik berig dat die Ngwathe amnestie wat betrekking het op die 60% betaling en gepaardgaande 40% afskrywing op uitstaande rekeninge verstryk op 30 Junie 2023. Die verstrykinsdatum is inderdaad **30 September 2023.**

Raadslid Phillip van der Merwe, wie die inligting verskaf het, vra verskoning vir enige ongerief wat die fout teweeg mag gebring het. Die amnestieperiode wat geld ten aansien van gebrugde kragmeters verstryk egter wel op 30 Junie 2023 soos vermeld was.

# Tugverhoor kom vir Ngwathe Tegniese Direkteur

Die Ngwathe Munisipale Raad het tydens 'n spesiale vergadering op 13 Junie 2023 besluit dat tugstappe teen sy geskorste direkteur van tegniese dienste, Mnr T Malunga, ingestel word op klagtes van pligsversuim en versuim om wettige opdragte uit te voer.

Die optrede volg op klagtes wat Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe, 'n prokureur van Heilbron, 'n tyd gelede geformuleer en aan die Infrastruktuur en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingskomitee van die raad, waarop hy dien, voorgehou het. Die raad het op sterkte daarvan en op aanbeveling van die genoemde komitee 'n onafhanklike ondersoeker aangestel wat die klagtes ooreenkomstig die wetlik voorgeskrewe raamwerk vir tugstappe teen senior bestuurders ondersoek het en bevind het dat tugstappe wel moet volg. Die raad het ook beslis dat die klagtes ernstig van aard is wat meebring dat ontslag moontlik op skuldigbevinding mag volg.

Die bestuurder van watersake, Mnr Phele, is intussen aangestel as waarnemende direkteur van die tegniese afdeling. Raadslid Van der Merwe en ander opposisiepartye was heftig gekant teen die aanstelling, maar dit is deur die ANC meerderheid in die raad deurforseer. "Die Vryheidsfront Plus is van oordeel dat die munisipaliteit nie tans enige persoon in diens het wat geskik is om in die kritiek belangrike pos van tegniese direkteur waar te neem nie", het hy tydens die vergadering gesê. Die party is ook uiters bekommerd oor die tekort aan vaardigheid onder senior amptenary wat tans bestaan met drie verdere vakante senior poste. Die pos van munisipale bestuurder word tans beklee deur Mnt T Ngese, wie deur Provinsie gesekondeer is, terwyl Mnr Z Majivolo tans as direkteur van korporatiewe dienste en Mnr N Monyeke as direkteur van gemeenskapsdienste waarneem.

"Volgens wet mag 'n persoon slegs vir 'n maksimum van drie maande in 'n senior bestuurspos waarneem en sal ons druk bly uitoefen dat al die vakante senior poste dringend gevul word", sê raadslid Van der Merwe. Advertensies vir die vul van die poste is intussen wel geplaas en aansoeke sluit op 23 Junie 2023.

POSTNET HEILBRON
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# Mishandeling van 'n bejaarde

■ *Heilbron Kliniek*

Mishandeling van bejaardes word as 'n baie ernstige oortreding beskou en is strafbaar met die wet. Daar is verskillende vorms van mishandeling, nie net fisiese mishandeling nie.

**TIPES MISHANDELING:**

**1. Fisieke mishandeling:** Hierdie tipe mishandeling kan verskeie vorme aanneem soos onder andere blatante aanranding, skending van privaatheid, weerhouding van noodsaaklikhede vir daaglikse lewe en dwangbeheer – die vasmaak van 'n bejaarde.

**2. Verwaarlosing:**

Dit vind plaas wanneer daar nie aan behoeftes voorsien word nie. Swak versorging kan op verskeie maniere plaasvind soos die verkeerde diagnose vir medisyne, swak omgewingshigiëne en die versuim om aandag te gee.

**3. Psigiese, sosiale en emosionele mishandeling:**

Die vorme wat die tipe mishandeling aanneem is gewoonlik isolasie, onvriendelikheid en die diefstal van geld, klere of besittings.

**4. Finansiële mishandeling:**

Dit vind plaas met die beslaglegging van 'n "bejaarde se inkomste en eiendom, afpersing van die bejaarde en onregmatige hoë huur vir losies.

**5. Seksuele mishandeling:**

Dit is die mees bedekte vorm van mishandeling. Vir die professionele persoon is dit baie moeilik om te ontdek en te hanteer. Die bejaarde word ook dikwels gedreig om stil te bly.

# Huppel Trippel vier die winter



Ongeveer 30 Huppel Trippel-lede het 'n genotvolle oggend deurgebring met 'n glasie sjerrie, sop en broodjies. Intussen het Nonna Roos het 'n musiek-trivia aangebied met Nana Mouskouri, Don Williams en Siegfried Enslin. Laasgenoemde was 'n oud-Heilbronner.

Op 4 Julie slaan die groep 'n kuier oor om almal wat vir hulle kinders wil gaan kuier tydens die skool-vakansie die geleentheid te gee om so te maak. Op 18 Julie speel almal weer Noot vir Noot saam met Martie Olivier.

# Uit die pen: Week 25 van 2023



'n Meerkat. Dis waaraan ons vir amper 2 ure lank gedink het.

Laat ek vertel.

Ander mans kry jagekspedisies vir Vadersdag. Sommige kry 'n bottel wyn of whisky, ander dalk 'n handvol biltong. Dalk net 'n heerlike, tuisgemaakte ete met 'n mooi briefie of kaartjie daarby.

Ek het vir my goeie man op Vadersdag (alhoewel hy nie my vader is nie) bederf met kaartjies na twee uitvoerings. Die eerste een was van die Boston Philharmonic Youth Orchestra. Hulle kom (reggeraai!) uit Boston, VSA. Volgens die dirigent presies 7 776 myl van daar af. Ek stry nie maklik met slim mense nie.

Die orkes bestaan uit tussen 85 en 90 lede, vanaf 13 tot 21. Die dirigent, Benjamin Zander is 'n hartlike 84 jaar oud.

Wanneer Zander voor die orkes inskuif, is dit doodstil. Selfs in die gehoor. Hy laat so vyf tot tien sekondes verlore gaan voordat hy die teken gee dat die orkes gaan begin. Beethoven se Vyfde Simfonie vul die lokaal. Vooraf het hy ons almal gewaarsku dat almal moet wag totdat die heel laaste klanke van die simfonie wegsterf voordat ons applous. Iemand begin in die middel van die uitvoering hande klap. Mnr Zander draai om en wys met sy stokkie dat die gehoor moet stil wees. Na ongeveer 40 minute mag ons uitbars in applous.

Daarna speel hy en sy orkes Richard Strauss se Ein Heldenleben (A Hero's Life). Nog nooit in my lewe daarna geluister nie en volgens mnr Zander is dit die eerste keer dat dit in Suid-Afrika uitgevoer word. Hy vertel eers die storie van die hele simfonie en daarna luister ons dit. Ek kon die prentjie in my kop saamflans na aanleiding van sy vertelling. Dis regtig 'n interessante stuk musiek as jy in ag neem dat daar geen herhalings is nie.

As toegif speel hulle "Nimrod" van Edward Elgar. Skitterend! As jy nie van klassieke musiek hou nie, gaan luister net een keer na Nimrod. Waterskeidingsoomblik, ek wed jou.

Mnr Zander kry na elke simfonie 'n staande applous. Nie soos by Afrikaans is Groot waar almal skree omdat iemand Hokkie Bokkie Sokkie Tjokkie gesing het nie. Zander kom dan terug na die verhoog en komplimenteer elke liewe instrumentalis in die orkes. Hy laat hulle dan so een vir een of die hele groep opstaan. Alles onder applous. Regtig aandoenlik.

Twee dae daarna gaan ons na 'n kooruitvoering. Daar is 'n klomp koorlede vanoor die hele land wat saamtrek. Hulle het vooraf hulle bladmusiek en partisies ontvang en dit is hulle eie verantwoordelikheid om dit op hulle eie tyd in te studeer. Hulle het twee repitisies en daarna twee tot drie optredes.

Ons probeer vroeg daar wees, maar ek moet deur die rye en rye mense beur om twee sitplekke vir ons te kry. So amper in die middel van die ry. Ons het net ons sit gekry toe daar twee ouerige dames met netjiese grys kapsels twee rye voor ons kom sit.

Daar kom 'n baie groot vrou, geklee in 'n dun, ligblou blommetjiesrok aangeloop en sy waai al van die deur af vir die twee grys tannies. Een grys tannie waai terug. Hulle het mekaar gekry. Groot weersiens, lyk dit my. Blommetjiesrok beur haar deur die reeds sittende gehoor tot by haar stoel langs die twee grys tannies.

Sy is soos 'n opgewende iets. Ek weet nie lekker wat nie. Sy sit kiertsregop en haar hare is in 'n bolla hoog op haar kop. Die sweet loop teen haar slape af. Terwyl ek twee langmoutruie aan het. Sy kyk links en regs, elke keer met 'n vinnige swaai van haar kop.

Nes 'n meerkat.

Die koor begin met die eerste lied. Sy gryp haar waterbottel (waarop sy moet sit, want daar is nie plek nie) en vat gulsige slukke. Sy hou tyd met haar kop en haar bolla boem op en neer elke keer as sy op en af ruk met haar kop. Haar skouers dril terwyl sy tyd hou.

Agter my sit iemand met drie orrelpypseuns. Een van hulle skop my stoel tot in my niere.

Op die agterkant van Blommetjiesrok is 'n klein gaatjie. Ek begin onwillekeurig lag. Ek dink aan Jan Spies se storie oor die antie met die pienk rok. Die klein gaatjie is seker so 2 cm in deursnit. Elke keer as sy beweeg, sien ek die sproet wat deur die gaatjie loer.

Carl Orff se Camina Burana trek los met 'n groot gejuig. Blommetjiesrok sit meer regop, nes 'n meerkat en begin met haar een hand dirigeer terwyl sy weer 'n sluk water vat. Met die groot trom- en simbaalslae gooi sy haar kop op en af. Wanneer almal hande klap, hou sy haar hande omhoog en waai in die lug om haar waardering aan te toon.

Die koor sing 'n wiegelied en sy doen dieselfde. Heen en weer, van een buurman na die ander kant. Die orrelpypie skop my weer in die niere en die sproet skuif onder die rok se gaatjie.

Die koor sluit met 'n crescendo af. Blommetjiesrokmeerkat se arms is drillend in die lug en ek kry nog 'n skop. Ek kyk vergergd om en sit my skoolhougesig op. Eers na die ma, dan die kind wat langs haar sit, maar ek kry nog nie die nierskopper in die oog nie.


Blommetjiesrokmeerkat sit nog kiertsregop en knik met haar kop of en af om tyd te hou. Die koor sing. Die kind skop. Blommetjiesrokmeerkat se arms is in die lug. Ek ruk my kop agteroor, staar die kind in die oë en hy skuif stadig terug in sy stoel.

Blommetjiesrokmeerkat nie. Sy hou nog tyd, skud haar kop, haar sproet beweeg onder die gaatjie in haar rok. Die nierskopper sit stil.

Die les vir hierdie week is om nooit 'n rok met 'n gaatjie op die agterkant na 'n kooruitvoering te dra nie.

Dalk, net dalk, sit ek agter jou.

# INSPIRASIE RESEPTE



*Pasch du Plooy*

This recipe is a tribute to our Free State Prickly Pears. When I arrived in the Free State about four years ago, I was excited about the Prickly Pear orchard next to our house. It is a mission to clean, but an absolute delight when ice cold and enjoyed on its own or like the recipe below. We've experimented quite a bit with prickly pears, and this recipe is fantastic for the warmer months. I suggest serving it as a light lunch or a starter.

Fresh prickly pear and burrata on sourdough with Coppa and herb olive oil

**INGREDIENTS FOR THE SANDWICH**

2 slices of good sourdough bread
2 x ripe prickly pears, peeled
1 x burrata or fior di latte
100g x local cured Coppa, try Richard Bosman or Farmer Angus (available online or at Checkers)
2 sprigs fresh basil, extra for serving
2 sprigs fresh mint, extra for serving
Sprig of rosemary
50ml olive oil
25ml honey
Sea salt and pepper
1 whole clove of garlic


**METHOD**

Peel the garlic clove and lightly rub the sourdough bread with the garlic clove. Make sure to get the garlic on both sides of the bread; this really elevates the sourdough. Lightly brush the bread with olive oil and grill both sides on a grill pan until lightly toasted and golden brown. While the bread is toasting away on the grill, cut your prickly pears into 4 slices each and set aside.

Take about two leaves of each basil, mint and rosemary, finely chop the herbs and mix them into the olive oil. You are now ready to assemble your sourdough. Place your toasted sourdough at the bottom of your plate and drizzle with herb oil. Now place two pieces of Coppa on the bruschetta, covering the entire slice of bread. Add an extra slice if needed to keep the toasted sourdough from getting soggy. Now, break the burrata evenly and space on the Coppa; add your sliced prickly pears evenly to the cheese. Now drizzle with a little balsamic, honey, and herb olive oil and serve.

**CHEF'S NOTES:**
*Green or yellow prickly pears work best.








# Ultra Liquor nou oop



*Op die foto vl: Cobus van Tonder (Bestuurder) en Jarryd Ovens.*

Ultra Liquor, 'n bekende handelsnaam in die drankbedryf, het onlangs sy deure in Heilbron geopen. Geleë oorkant Late Night Video in Pleinstraat, bied hierdie nuwe besigheid 'n wye verskeidenheid produkte en 'n aangename winkelervaring. Ultra Liquor bedryf reeds 10 suksesvolle winkels in verskeie dorpe. Die eienaars is verheug en opgewonde om 'n nuwe tak in Heilbron te vestig, en dit is 'n groot mylpaal vir hul besigheid.

Cobus van Tonder is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur van die Ultra Liquor-winkel in Heilbron, en sy doel is om 'n wye verskeidenheid opsies te bied wat aan die behoeftes en smaakvoorkeure van elke individu in die gemeenskap voldoen. Die opening van Ultra Liquor in Heilbron bring sekere voordele vir die gemeenskap. Dit skep werksgeleenthede vir plaaslike inwoners en bevorder die plaaslike ekonomie. Ultra Liquor is bekend vir sy uitstekende kliëntediens en kundige personeel. Die vriendelike en hulpvaardige span staan gereed om elke kliënt by te staan en 'n aangename inkopie-ervaring te verseker. Dit is 'n plek waar kliënte welkom voel en waar hul behoeftes en voorkeure as prioriteite beskou word.

Die eienaars en die bestuurspan van Ultra Liquor het 'n duidelike visie om die gemeenskap van Heilbron van diens te wees en om 'n positiewe bydrae te lewer. Hulle glo in die belangrikheid van goeie sakepraktyke, eerlikheid en integriteit. Die opening van hierdie nuwe tak is 'n bewys van hul toewyding om voortdurend te groei en te voldoen aan die behoeftes van die gemeenskap wat hulle bedien.




# Rolbal: Platteland kry erkenning



Die afgelope naweek was 'n absolute hoogtepunt vir rolbal hier in die platteland, omdat groot rolbalkompetisies en toernooie gewoonlik aan die groter klubs in die stede toegeken word.

Hierdie jaar is die gemengde pare toernooi, wat oor drie dae gespeel is, aan Sasolburg Rolbalklub toegeken. Wenners vanuit die 20 distrikte het hier teen mekaar meegeding. Sasolburg Rolbalklub het gewys dat die platteland glad nie hoef terug te staan vir die groter klubs nie. Die bane, tellinghouers, skeidsregters, wedstryde wat gestroom is, alles was eenvoudig net van die beste. Selfs die reuke en geure vanuit die kombuis het soms die kommentators laat vergeet van die spel en dan is daardie geure tot in die fynste besonderhede vir die kykers beskryf.

Hierdie toernooi was 'n mengsel van senior en jonger spelers, terwyl agt Protea-spelers ook hier teenwoordig was, onder andere Heilbron se Rudi Jacobs, en sy vrou Tracy.

Vir die nasionale keurders was dit ook verblydend om die kwaliteit van die jonger spelers te kon sien. Dit het bewys dat rolbal besig is om te groei, met jong mense wat tot die sport toetree.

Alhoewel Rudi en Tracy nie die knoop kon deurhaak nie, was Heilbron en Noord Vrystaat as distrik goed verteenwoordig.

Gerry Baker, as internasiole speler, kon uiteindelik as wenner eindig en dit was verblydend om die uitstekende spel van sy spanmaat, Haily Erasmus, te kon sien. Sy is 'n jong dametjie wat slegs twee jaar rolbal speel en wat nou haar nasionale kleure ontvang het.

Dit was 'n voorreg om soveel spelers jonger as 30 jaar hier te sien speel. Hulle het hier deelgeneem het omdat hulle as wenners by hul onderskeie distrikte geëindig het.

**Kom ons kyk na die statistieke van die wedstryde:**

• Gedurende die 3 dae van die toernooi het elke span 3 wedstryde per dag gespeel.

• Elke wedstryd word gespeel oor 18 "kopppe" met 3 balle per speler, alombekend as driebal pare. Elke wedstryd begin met "2 proefkoppe", waar elke spanlid 2 balle kan speel om sodoende die spoed en toestand van die baan te kan evalueer.

• Voordat die westryd dus begin, het elke spanlid reeds 4 balle gerol. Daarna word 18 koppe gespeel, waartydens 54 balle deur elke speler gerol word, plus die 4 proefballe gee dit dan 'n totaal van 58 balle wat per wedstryd deur elke speler gerol is.

• Met 'n toernooi soos hierdie wat oor 3 dae gespeel word en 9 wedstryde, het elke speler dus 'n totaal van 522 balle gerol.

• As gekyk word na die aflewering van die bal, vanaf die staande posisie tot waar die bal afgelewer word, is dit 522 keer oor 3 dae. Oumens-albaster? Dink weer.

Kom probeer dit, dit is goeie oefening. Bring jouself en plat skoene elke Woensdag en Saterdag vanaf 14:00 en ons wys jou die HOE en die LEKKER van rolbal saam met goeie vriende.

"BOWLS 1SPORT 4 LIFE"

# Verower derde plek by Vrystaat Kampioenskappe

Die Eerste netbalspan van Hoërskool Heilbron het die skool se naam hoog gehou tydens die Vrystaat kampioenskappe. Na die span die Fezile-liga gewen het, het hulle gaan deelneem teen verskeie spanne wat in die Vrystaat in hul onderskeie streke gewen het. Met 'n indrukwekkende vertoning het die span 'n puik derde plek verower, waar elke lid van die span bygedra het tot hierdie sukses. Die ongelooflike prestasie is die gevolg van harde werk, toewyding en die onbaatsugtige afrigting van die wonderlike Tanya van Rooyen.

Van die begin af het dit duidelik geword dat die eerstespan meisies vasbeslote was om hul beste voetjie voor te sit en die kompetisie te domineer. Onder hul afrigter se leiding is hulle uitgedaag om hul grense te versit en bo hulself uit te styg. Sy het hulle elke dag gemotiveer om hul volle potensiaal te bereik en hulself te oortref. Die skool en gemeenskap is trots op die prestasie en wys dit dat met toegewyde oefening en ondersteuning is enige iets moontlik.



*Voor vlnr. Estené Janse van Rensburg, Luzé Barnard, Chenelle Els. Agter vlnr. Aisha Sinzinkayo, Joanike Els (onder-kaptein), Carlie Rochat, Michaela Grobler (kaptein), Tanya van Rooyen, Teresa Swanepoel, Mieke van Wyk.*






# Bronnies kry nuwe speelarea

Annemari Hayward, die eienaar van Bronnies Kleuterland, is 'n toegewyde individu wat alles in haar vermoë doen om die kinders by die dagsorg die beste moontlike sorg te gee. Sy het verskeie projekte aangepak om fondse in te samel vir die verbetering van die fasiliteite. Die mees onlangse insamelingsinisiatief was 'n Gholfdag wat 'n groot sukses was en bygedra het tot die opgradering van die kinders se speelarea.



Die verbeterings aan die speelplek is opwindend vir al die kinders by Bronnies Kleuterland. 'n Groot speelplek is met sorg en omsigtigheid opgeknap, sodat die kinders daar kan fietsry, in die sand speel en verskeie ander vaardighede kan ontwikkel wat essensieel is vir hul opvoeding. Annemari het besef dat speel 'n belangrike deel van die kinders se groei en ontwikkeling is, en deur die skep van 'n veilige en stimulerende omgewing kan hulle hul verbeelding en kreatiwiteit vrylik uitleef. Annemarie probeer dit nie net vir die kinders lekker maak nie maar ook vir die ouers.

Die volgende opwindende dag wat die skool aanbied, is die atletiekdag vir die Kleuters en hul ouers. Hierdie dag sal op 22 Julie plaasvind en beloof om groot pret te wees. Dit is 'n geleentheid waar kinders en ouers saamkom om die vreugde van sport en gesonde mededinging te ervaar. Dit skep nie net 'n gevoel van gemeenskap nie, maar dit bevorder ook 'n gesonde lewenstyl en leer die kinders die waarde van samewerking en harde werk.

# Skoonhede presteer

• Anita Buitendag

Tydens die onlangse Modelskou, wat aangebied was deur Model Manifest Heilbron, was prestasie toekennings aan twee onderskeie modelle toegeken, ná beoordelaars se finale beslissing.

Modelwerk leer die meisies nie net om 'n korrekte houding en postuur te handhaaf nie, maar dra grootliks daartoe by dat modelle soveel meer selfvertroue win.

Tydens die geleentheid was daar 'n 1ste plek trofee oorhandig aan die model wie die loopplankwerk met die meeste selfvertroue deurgevoer het, wat toegeken was aan Bella Fernandes.

Die 2de plek trofee was uitgesonder vir die model wie die mees perfekte, asook stylvolste loopplankwerk kon bemeester. Liza Grobler het die titel lag-lag opgeraap.

Die prestasie trofees was geborg deur KJM Printing, te Heilbron.



*Op die foto vl Bella Fernandes en Anita Buitendag (Model Manifest).*



*Op die foto vl Liza Grobler en Stefan Crause (KJM Printing)*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JACOBA PHEIFFER,**
**Identiteitsnommer: 310829 0032 083** in lewe 'n Pensioenaris woonagtig te Conventionstraat 15, Reitz, 9810, weduwee.
**DATUM VAN AFSTERWE: 25 FEBRUARIE 2022**
**BOEDELNOMMER: 003685/2022**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwiasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **JORDAAN**
First names: **LOUIS HOSEA**
**ESTATE NUMBER: 8212/2022**
Identity/passport number: **471019 5008 081**
Date of death: **31/07/2022**
Last address: **4 Luyt Street, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 23 June 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**In case of a marriage in community of property:**
First names and surname of surviving spouse:
**REGINA JORDAAN**
Identity/passport number: **460525 0009 083**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**AMANDA ANNE SCHUTTE (THE AUTHORIZED)**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON**
**9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0517**
**Date submitted: 2023/06/13**
**Publication Date: 2023/06/23**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Makala**
First names: **Jocobeth**
Estate Number: **9508/2022**
Identity/passport number: **490819 0616 086**
Date of death: **8/06/2020**
Last address: **222 Khutso Street, Metsimaholo, Oranjeville, Heilbron, 9650.**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 23 June 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Salmon Makala**
Identity / Passport Number: **430112 5230 084**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**JOHAN HELGARD VAN SCHALKWYK**
**165 ST ANDREW STREET**
**WESTDENE**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-MAIL: ina@claudereid.co.za**
**TEL: 051 447 9881**
**REFERENCE: HELGARD / INA**
**DATE SUBMITTED: 2023/06/14**
**FOR PUBLICATION ON: 2023/06/23**

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE DANIEL CASPARUS VAN NIEKERK,**
**Identiteitsnommer: 640913 5010 087** in lewe 'n Boer woonagtig te Plaas Welverdiend, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere sonder aanwas.
**DATUM VAN AFSTERWE: 2 SEPTEMBER 2022**
**BOEDELNOMMER: 009491/2022**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwiasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T7425/1975** gepasseer deur **ANDRIES JOSEPHUS BEYTEL** (gebore op 20 September 1946), ten gunste van **JOHANNES GERHARDUS CLAASEN** (gebore op 25 September 1935), ten aansien van sekere:
RESTANT van die plaas **LOUIS RUST 1073,** distrik HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT.
GROOT: 542,0951 (VYF HONDERD TWEE EN VEERTIG komma NUL NEGE VYF EEN) Hektaar wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 15de dag van Junie 2023.
**(GET) PP VAN DER MERWE**
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 42, HEILBRON, 9650**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**TEL:058 852 2041**

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 19 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 02 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 07 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 14 OKTOBER | TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN | |
| 03 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |

# TE KOOP


**TE KOOP**
Voer te koop.
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
*K0597*








# SMALLS


**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R





**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD *Sport*


**SAME DAY DELIVERY OR COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND...**

**VAAL** (Sasolburg, Vanderbijl, Vereeniging) **R85**

**MEYERTON** (Envelope/Small Parcel) **R135**

(Large Parcel or Items) **R200**

heilbron@postnet.co.za
058 853 0006
064 988 6078

POSTNET HEILBRON


## GHOLFDAG

*NG Kerk Heilbron-Suid*

**15 Julie 2023**
Heilbron
Gholfklub

**R400 per speler**
**Nie-spelers baie welkom.**
**Halfweg en aandete ingesluit.**

Verskeidenheid vleispryse te wen

Heilbron Gholfklub : 058 852 2523

Formaat: "Betterball Stableford"

Maak 'n knoop in jou oor vir **AfriForum** se **Heilbron-tak gholfdag** saam met **Gerrie Nel** en ander AfriForum-personeel!

Jy sal 'n boo kan insit om saam met hulle te speel, so begin reeds spaar!

**Datum: 4 November 2023**


**WINKELURE**

Maandae - Donderdae: 07:30 -17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30

Saterdae: 08:30 - 13:00

Herald Office National

**ELSSTRAAT 44 • HEILBRON**
**TEL: 058 852 3033**


# VACANCY

HBA HEILBRON ABATTOIR
*The Butchers Choice*

## HR MANAGER: HEILBRON ABATTOIR

**Requirements:**

- Grade 12 or National Diploma in Human Resources Management, payroll, or equivalent.
- Minimum 5 years of experience in a similar role within a structured corporate environment, demonstrating strong administrative and organizational skills.
- Effective communication, interpersonal, and organizational skills in English & Afrikaans.
- Ability to work under pressure.
- Proficiency in administrative tasks related to new employee onboarding and terminations.
- Leave management.
- Computer literate, with knowledge of Afri clock system, MS Office (Excel, Outlook, Word).
- Capable of handling HR and payroll-related queries.
- Competent in building and managing interpersonal relationships at all company levels.
- Responsible for efficient payroll management, filing, and maintenance of personnel files.
- Reconciliation of PAYE and production of IRP5 certificates annually.
- Management of statements and ensuring reconciliation with payroll schedules.
- Adherence to employee policies and legislative requirements.
- Monthly processing of payroll, including overtime and allowances.
- Timely submission of salary reports and wages imports.
- Efficient handling of day-to-day HR operations on-site.
- Own transport required.

**Please note:**
This position requires an open-minded HR professional who understands business principles.

Interested and qualified applicants should send their CVs to hr@heilbronabattoir.co.za or submit it in person at Plot 16, Heilbron, Vegkop Rd.

**Closing date: 30 June 2023**


**QUIZ NIGHT**

**30 JUNE 2023 19:00**

BUFFALO BAR

RESERVATIONS:
JEANNE: 076 813 2751 | HENDIE: 071 175 9807



**SPOT THE DOT**
SOLAR VIBE
*1 Julie 2023*

**Koop enige ten minste R100 se items by Solar Vibe of Raap en Skraap en kry een gratis spit-skaaprolletjie**

**Indien 'n item in jou mandjie 'n goue sticker op geplak het,**
***KRY JY DIT GRATIS!***


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 26 JUNIE 2023**

DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

GILEAD Maandelikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

**DINSDAG - 27 JUNIE 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

LEANDRA: GOUDVELD BOERDERY BEEFMASTER PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Witbank
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

HEILBRON: HILLTOP SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, Heilbron Gholfklub
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

**WOENSDAG - 28 JUNIE 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

LEANDRA: BOSHOFF BONSMARA PRODUKSIEVEILING
11:00, Delmas - Leandra
Kontak Tielie 082 331 2038

SCHWEIZER-RENEKE: CORALTA SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Coralta
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 29 JUNIE 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 30 JUNIE 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za


EST. 2021
**OJ'S**
ON LONGMARKET

058 852 1319

**BESIGHEIDSURE**
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00

**AARTAPPEL & PREI SOP!**
*Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99*